

# Basiese beginsels van rambestuur

Juan Venter, NWKV-produksieadviseur: Middelburg (Oos-Kaap)

Ramme verteenwoordig 'n groot kapitale uitleg in elke kudde. Met goeie rambestuur kan elke ram die maksimum aantal lammers moontlik verwek, wat beteken dat goeie rambestuur 'n faktor is wat baie tot die winsgewendheid van die boerdery bydra.

Alle ramme behoort 'n teelgeskiktheids-onderzoek te ondergaan. Omdat spermselfontwikkeling, of die produksiesiklus van sperm, sowat 60 dae neem om te voltooi, is dit raadsaam om die teelgeskiktheids-onderzoek minstens ses tot agt weke voor die teelseisoen te doen. Dit laat voldoende tyd toe om tydelike probleme op te los of vervangingsramme aan te koop indien nodig. 'n Teelgeskiktheids-onderzoek behels die evaluering van die algemene gesondheid van die ram, 'n liggaamkondisietelling en 'n ondersoek van die geslagstelsel. Indien jy nie 'n teelgeskiktheids-onderzoek laat doen nie, laat toets ten minste die vrugbaarheid van jou teelramme.

Ramme moet ten minste een keer per jaar, maar verkieslik meer dikwels, getoets word vir vrugbaarheid. Die testikels moet voor elke dekking ondersoek word vir enige abnormaleite.

Ramme speel 'n kardinale rol in intensiewe stelsels waar een ram alleen verantwoordelik is vir die ooie wat bevrug moet word. Indien daar enige foute of probleme by die ram/me

bestaan, gaan dit 'n langtermynprobleem in jou kudde veroorsaak.

Voordat die ramme dek, moet hulle kloutjies ook ondersoek word. Indien die kloutjies lank uitgegroeï is, moet dit geknip word om te verseker dat alles reg is vir die dekking.

Belangrike faktore om in gedagte te hou tydens die aankoop van ramme:

- Ken jou teler en sy skape, want jou kuddevordering is van hom afhanklik (rondspringery tussen telers beperk kuddevordering) en maak seker dat jou seleksiedoelwitte met dié van jou teler ooreenstem.
- Koop ramme betyds aan sodat hulle genoeg tyd het om voor die teelseisoen te akklimatiseer. Omgewingsverskille kan tot tydelike onvrugbaarheid aanleiding gee.
- Ramme moet vrugbaar en dekbeheuldig wees. Dring aan op 'n geslagsgeskiktheidsertifikaat, dit is jou reg. Ramme moet manlike en aktiewe geaardhede hê. Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen testikelgrootte van ramme en geslagsrypheid by jong ooitjies binne 'n kudde.



Shelie Evans/Flickr

- 'n Ram wat een van 'n meerling is, sal oor 'n periode van tyd aanleiding gee tot 'n meer vrugbare kudde. Dit behoort 'n belangrike seleksiekriterium binne jou kudde te wees. Vra die teler of hy DMS gebruik, aangesien dit die voorkoms van natuurlike tweeling verberg.
- Vermoed ramme met sagte en pap testikels, want ongeveer 50% van hulle het swak saadkwaliteit teenoor slegs 5% van ramme met ferm en elastiese testikels.

- Vir kuddeverbetering is Blub-waardes by ramme belangriker as indekse.

## Koggeltyd

Dit is 'n goeie praktyk om koggelramme vir 'n periode van nege tot 14 dae voor paartyd, veral in die lente, te gebruik. Die vrugbaarste ooie kan binne nege dae op hitte kom. Die ruik, sien en hoor van ramme is genoeg om ooie te sinchroniseer.

Onthou dat die koggelramme fisies kontak met ooie moet maak. Vir doeltreffende sinchronisasie moet ooie voor paartyd vir 'n periode van minstens 34 dae, maar verkieslik drie maande, geen kontak met manlike diere (ingesluit ramlammers) hê nie. Ooie wat vir 'n periode van langer as 17 dae aan koggels blootgestel is, kan konsepsieprobleme ontwikkel.

Die gebruik van koggels het tot gevolg dat ooie redelik gelyk op hitte kom en gekonsentreerd sal lam. Koggelramme moet manlik, jonk en baie aktief wees. Indien dit die geval is, sal 1% koggels voldoende wees en kan beter konsepsies verwag word. Koggelramme moet gereeld deur jong koggels vervang word, want hulle raak mettertyd weens 'n degenerasie van die testikels lui en onaktief. Gebruik koggelramme wat al gewerk het op jong ooie.

## Rambestuur

Ramme moet ongeveer agt tot tien weke voor paar geskeer word. Indien toestande dit regverdig, kan prikkelvoeding aan ramme vanaf twee maande voor paartyd en terselfdertyd 'n aanvulling van vitamien A, D en E 'n positiewe uitwerking op besettingspersentasies hê. Doseer koringkiem-olie voor paartyd, wat semenkwaliteit en spermbeweeglikheid verhoog.

Ramme moet voor paartyd fisies fiks gemaak word. Begin deur hulle ongeveer ses weke voor paring daaglik geleidelik oor langer afstande aan te jaag. Dit is veral belangrik waar ramme op stal staan. Ramme is geweldig aktief gedurende die eerste 24 uur nadat hulle tussen die ooie gekom het. Daarom is

dit belangrik om die ramme laatmiddag, wanneer dit koel is, vir die eerste keer tussen die ooie te sit. Hitte-uitputting kan so verhoed word. Ramme se vermoë om 'n voldoende hoeveelheid ooie te dek, neem af met verhoogde ouderdom.

Sorg altyd vir voldoende koelte en skoon water. Groot kampe met meer as een waterpunt kan negatiewe ram/ooi-verhoudings tot gevolg hê. Maak ooie minstens een keer per week bymekaar. Ondersoek ramme op 'n gereelde basis vir klou-, testikel- en ander probleme, soos brommeraanvalle.

Paar met kort wol. Lang wol verhoog hitte-spanning wat libido (geslagsdrang) nadelig beïnvloed. Vermoed skeer en dip vanaf ses weke voor paring en staak alle ander aktiwiteite en hantering twee weke voor paring.

Om 'n aanduiding te hê van wanneer ooie gaan lam, kan jy oorweeg om van merkers op die ramme gebruik te maak. Ooie wat gedurende die eerste week gemerk word, sal byvoorbeeld eerste lam. Lamtrope kan op dié manier doeltreffend bestuur word.

Viriele ramme met 'n goeie libido en dekbeheidigheid, wat vrugbaar, gesond en goed gevoed is, is noodsaaklik om die maksimum bevrugting van ooie te bewerkstellig. Klas ou ramme uit en vervang vroegtydig met jong ramme. Gee voorkeur aan ramme wat uit vrugbare moederlyne kom met goeie reproduksiesyfers. Dit is wenslik om 'n derde van die ramme jaarliks te vervang.

## Telingbestuur

Vir natuurlike paring word ramme gewoonlik vir twee tot drie hitesiklusse by die ooie gesit. As aanvaar word dat die hitesiklus van 'n ooi sowat 17 dae is, word ramme vir nagenoeg 35 tot 50 dae by die ooie gelos. Die mikpunt is om minstens 80% van die ooie gedurende die eerste hitesiklus dragtig te kry. Hoe gouer ooie dragtig raak, hoe korter is die lamtydperk en hoe eenvormiger is die groep lammers wat gebore word. Die rambehoefte verminder met kunsmatige inseminasie.

Met laparoskopiese inseminasie kan tot 200 ooie per dag met 'n enkele ram se saad geïnsemineer word.

Dit is moontlik dat ramme mankhede kan ontwikkel, of beserings of ander gesondheidsprobleme opdoen gedurende die teelseisoen. Daarom is dit belangrik dat ramme in die teelseisoen gereeld ondersoek word, sodat probleme vroegtydig geïdentifiseer en aangetaste ramme vervang kan word.

## Inentingsprogram en ontworming

Aangesien 'n spermself sowat 60 dae neem om volwassenheid te bereik, is dit wenslik om alle inentings voor hierdie periode te voltooi. Dit geld veral vir lewendige entstowwe wat 'n koorsreaksie tot gevolg kan hê. As 'n ram 'n koorsreaksie teen 'n entstof ontwikkel, duur dit gewoonlik sowat twee maande voordat die ram se vrugbaarheid volledig herstel het.

Ramme behoort vóór die teelseisoen volledig ontworm te word teen inwendige parasiete, veral neuswurm, wat die reuk van die ram nadelig kan beïnvloed. Daar kan verwag word dat ramme gedurende die teelseisoen kondisie verloor. Daarom behoort die kondisietelling van ramme met die aanvang van die teelseisoen nie minder as 3,5 uit 5 te wees nie. Ramme moet nie te vet gevoer word nie, omdat die vet rondom die testikels aanpak wat vrugbaarheid nadelig beïnvloed (mielies is veral nadelig). Vitamien- en mineraaltekkorte behoort voor die teelseisoen aandag te kry.

Om die maksimum vleis en wol per hektaar te produseer, moet soveel moontlik van bogenoemde stelsels en strategieë gekombineer en toegepas word. Wins word hoofsaaklik deur doeltreffendheid bepaal en nie soseer deur die wol- en vleisprys nie.

Rig enige navrae aan Venter by 079 693 1953 of JuanVE@daff.gov.za.